# Ons is... Saamwees: Makliker gesê as gedaan

## Ons is... Binnemense

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 23 Augustus 2026

Ek hoop dit sal met jou in orde wees as jy vandag basies niks nuuts leer nie, of dat geen diep verborge waarhede vir jou oopgebreek word nie, of dat verbysterende openbaringe tot jou sal spreek nie, of dat jy in vervoering sal kom oor aangrypende nuwe navorsing, interessante versteekte betekenisse wat skuil in woorde uit die antieke tale nie. Omdat ek vandag soos die apostels wil wees—Paulus, Judas, en Petrus—hulle het ook nie altyd nuwe dinge gesê nie.

**Filippense 3:1**

Om dieselfde dinge aan julle te skrywe, is vir my nie moeite nie, en vir julle gee dit sekerheid.

**Judas 5**

Al weet julle al hierdie dinge, wil ek julle daaraan herinner ...

**2 Petrus 1:12-13**

12Om hierdie rede sal ek julle altyd aan hierdie dinge herinner, al weet julle dit en al staan julle reeds vas in die waarheid wat aan julle bekend gemaak is. 13Ek ag dit immers my plig om julle aan te spoor deur julle hieraan te herinner so lank as ek nog lewe.

**2 Petrus 3:1**

Geliefdes, dit is die tweede brief wat ek aan julle skryf. In albei het ek probeer om julle weer helder te laat dink ('n suiwer gesindheid opwek—OV) deur julle aan dinge te herinner.

**Johannes 13:17**

Noudat julle hierdie dinge weet, geseënd is julle as julle dit doen.

Kom ons word dan herinner oor wat die Here vir ons sê oor die mense naaste aan ons. Ons begin met 'n vers in een van Dawid se boetepsalms.

**Psalm 51:8**

U verwag opregtheid diep in 'n mens se hart...

Die Bybel, en die God van die Bybel, lê minder klem op skares en menigtes se doen en late, as wat agter geslote deure gebeur, in die diepste plekke van menswees.

'n Mens se publieke beeld is sekerlik belangrik, maar die werklike toets van wie ek is, lê in daardie klein,

intieme sirkeltjie reg rondom my.

Die sielkunde praat van die "intieme sone"—daardie ruimte van sowat 46 sentimeter rondom jou liggaam, die spasie waar net die heel naastes mag inkom. Jou huweliksmaat, jou kind, naaste vriend of vriende. Dit is die plek waar jy jou masker afhaal en waar die fynere tekstuur van jou karakter, ook jou broosheid en stryd sigbaar word. Maar dis ook die plek waar ons geneig is om, as ons fouteer, ons onsself makliker te verontskuldig. Waar ons van aanvaarding ’n aanname maak. Ook waar ons so gewoond aan mekaar raak dat ons die uniekheid, die heiligheid van die ander persoon uit die oog verloor. Waar bedagsaamheid en respek makliker tuimel.

Jesus sê in ...

**Johannes 13:35**

Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.

As die evangelie nie transformasie bring in daardie 46 sentimeter-sone nie, as dit nie die manier verander hoe ek met my nabymense praat of hulle hanteer nie, sal mense nie tereg sê ek is besig met niks meer as ’n godsdienstige vertoning nie? Hoe sal hulle my geloof in Jesus ernstig opneem?

Die Skrif roep ons herhaaldelik op om ons lewens te ondersoek. Paulus skryf in ...

**2 Korintiërs 13:5**

Ondersoek julle self of julle in die geloof is; stel julle self op die proef.

Daarom gaan ons vandag na ’n tipe "checklist" kyk vir hierdie binnekring. Vergewe die Engels, maar *kontrolelys* klink net nie reg nie. ’n *Checklist* om onsself af te vra: Is Jesus werklik die Here van my intieme spasie?

**”Checklist” Item 1: Die Middelpunt-toets (Identiteit)**

Die eerste item op hierdie checklist vir die binnekring is iets wat dalk teenstrydig klink. ’n Mens sou dink as ons oor verhoudings praat, moet die ander persoon; die huweliksmaat, die kind of my broers en susters, gesin, naby vriende, sentraal staan. Maar die heel eerste toets van die binnekring is juis dit: Wie staan in die middelpunt van my sirkel? ’n Vraag oor my diepste identiteit.

As jou lewe ten diepste oor jou mense gaan, word hulle jou identiteit, en eintlik jou afgode. En ’n menslike afgod sal jou altyd teleurstel. Nie omdat hulle slegte mense is nie, ook nie omdat jy hulle liefhet nie, maar maar omdat jy jou vertroue vir sin, selfs vir geluk op geen mens mag plaas nie..

**Jeremia 17:5**

So sê die Here: Daar rus 'n vloek op die mens wat sy vertroue in 'n mens stel, wat op vleeslike krag steun en wie se hart van die Here af wegdraai.

Dit klink dalk kras om van ’n "vloek" te praat in die konteks van ’n huwelik of ’n vriendskap, maar wanneer jy

iemand in die middelpunt van jou sirkel plaas waar net God hoort, gebeur iets met jou liefde. Donker dinge sluip in, toksiese dinge. Oorafhanklikheid, besitlikheid, verpletterend vir verhoudings, identiteitsprobleme, onvervuldheid, geloofdkrisisse. Om afhanklik te wees van ’n ander mens se besluite en optrede, selfs daarvan dat daardie mens leef, nie moet sterf nie, is om van ’n verhouding iets te verwag wat dit nie kan bied nie, al is dit ook hoe kosbaar en mooi. Soos om van ’n twee-ton brug te verwag om ’n tien-ton trok te dra.

Ek kan dit waarna my mees binneste plek hunker by geen ander mens vind nie. En ás ek dit daar soek, sal dit altyd teleurstel, dit sal nie hou nie—selfs die kosbaarste en mees volmaakte verhouding, uiteindelik sal die dood dit wegneem. As my lewensgeluk en vervulling afhang van wat ’n mens my moet bied, hoe iemand met my maak, is die einde van so ’n verwagting altyd teleurstelling. Hy of sy gaan jou faal.

En ook, stel ek my optrede, my besluite, my gewilligheid om voluit te lewe, ondergeskik aan wat in enige aardse verhouding gebeur, is ek ’n slaaf … van ’n mens. En ek is nie gemaak om ’n slaaf te wees nie, maar vry … vry deur wel ’n slaaf te wees, van net Een Meester …

Dis waarom Jesus iets so radikaal sê …

**Lukas 14:26**

As iemand na My toe kom en nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe haat nie, kan hy My dissipel nie wees nie.

Jesus gebruik hier ’n bekende Joodse idioom. Hy sê nie ek moet my familie aktief haat nie—dit sou teen die res van die Bybel indruis. Wat Hy sê, is dat my lojaliteit aan Hom so absoluut moet wees dat alle ander verhoudings in vergelyking daarmee soos "haat" lyk. Hy eis die middelpunt op. Waarom? Want Hy weet dat as Hy nie in die middelpunt is nie, my verhoudings met my pa, ma, broers, susters, vrou, kinders, vriende uiteindelik skipbreuk gaan ly. Sonder Hom as die middelpunt, gaan ek hulle my bron maak, hulle probeer gebruik om my dieper dors te les. My binnekring lei skade as daar nie ’n kring méér binne, méér heilig, meer absoluut is as die binnekring nie.

My vermoë om my naaste werklik lief te hê, hang direk af van my verhouding met God. Die vertikale lyn bepaal altyd die horisontale lyn. As Jesus vir my die Brood van die lewe is, die fontein van lewe, dan kom ek nie na jou toe met ’n leegheid wat jy moet volmaak nie. En kan ek jou liefhê uit oorvloed, nie uit gebrek nie. Dan is jy nie my hoop en bron nie, die anker van my geluk nie, die bepaler van my diepste emosies nie, maar iemand saam met wie ek die genade wat ek reeds van God ontvang het, kan deel. En sou jy my teleurstel, deur selfs iets so verpletterend as egbreuk, egskeiding, val my lewe en my geloof nie uitmekaar nie.

Hoe bepaal hierdie geweldige stuk lewensuitkyk van Jesus waarna ek moet kyk op my checklist? Wat is die vrae wat ek myself moet vra?

Ek sal moet dink oor my toewyding. Dikwels sien ’n mens dat jou gesprek met die Here, jou stiltetyd, jou tyd met, en jou liefde vir die Skrif, jou ywer vir die liggaam van Christus, om die Here te kom aanbid en te buig onder sy woord, vervaag wanneer ’n naby verhouding, veral ’n romantiewe verhouding, op ’n moeilike plek is. Dis menslik, maar die riglyn vir my lewe is nie menslik nie. Ons almal trap in die strik, om God soms *op hou* te sit … tot wanneer dit beter gaan. En dit is ’n aanduiding dat geloof, toewyding, nie my verhoudings bepaal nie, maar dat my verhoudings my geloof en toewyding bepaal. En so, omdat ek nie by die waterstrome drink nie, kom ek al hoe dorser na mense toe, en word ek al hoe meer teleurgestel, en al hoe donkerder.

Ons maak soos pasiënte wat sê, “Ek móét by my dokter uitkom, en ek sal, ek wil net eers gesond word.”

Die psalmis help ons om te dink oor Item 1 op ons *checklist* ...

**Psalm 73**

25Daar is niks in die hemel of op die aarde wat vir my meer beteken as U nie.

26Al is ek afgetakel na liggaam en gees, God is my sterkte; aan Hom behoort ek vir altyd.

28[...] wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees. Ek het die Here my God gekies as my toevlug!

As alles in my intieme kring môre sou wegval—as die mense wat my nou liefhet, my sou verlaat—dan weet ek nog wie, en Wie s'n ek is. Die troon van my hart ken net een Koning.

Die klein woordjie "en" kan jou hele lewe bepaal. 'n Skrifgeleerde vra vir Jesus wat die groot gebod is; Ons ken Jesus se antwoord:

**Markus 12:29-30**

29En Jesus antwoord hom: Die eerste van al die gebooie is: Hoor, Israel, die Here, onse God, is 'n enige Here;

30en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod.

31En die tweede, hieraan gelyk, is dit: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as dié nie.

Dieselfde woorde, met een spesifieke "en" op 'n ander plek is vernietigend... Verander die volgorde van Jesus se woorde na: *Jy moet jou naaste liefhê soos jouself* ... *en die Here jou God met jou hele hart* ... Met die "en" op hierdie plek, kan die res nie volg nie, want so kan jy God nie liefhê met jou hele hart nie; jou hart behoort reeds aan jou naaste ... of aan jou eiendom, jou loopbaan, jou drome, jou gesondheid ...

## "Checklist" Item 2: Die Wortel-toets (Bitterheid en Konflik)

Die tweede item op ons *checklist* ... kom ons noem dit die Wortel-toets. Die tweeling van Item 1, die Middelpunt-toets. Volgens Jesus kom dit hierop neer: Om te sê, in jou diepste binnekring ontmoet jy met met die Heer van genade, maar jy vertrek nie daarvandaan met genade nie, beteken jy ontmoet nié met die Here nie.

**Matteus 5:21-24**

21"Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: 'Jy mag nie moord pleeg nie; en elkeen wat moord pleeg, is strafbaar voor die regbank'. 22Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir 'n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad; en wie hom uitskel vir 'n idioot, is strafbaar met die helse vuur.

23"As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, 24laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe.

Jesus sê dat jy in God 'n moordenaar kan wees, net deur jou gedagtes. Om iemand vir wie God lief is, wat sy beeld dra af te skryf as 'n idioot. En dan die woord "Raka," dit beteken om iemand as waardeloos te beskou. Om iemand in jou hart dood te maak. En dan sê Jesus hoe 'n mens dit doen: die wortel van bitterheid—in die binnekring is die subtiele gif van verwyt veragting die moordwapens.

**1 Korintiërs 13:5**

[Die liefde] hou nie boek van die kwaad nie.

Die wortel-toets vra dat ek my rekenings opskeur. Weer en weer—nie omdat die ander persoon dit verdien nie, maar omdat ek self uit genade moet leef.

Dinge wat onder die oppervlak broei—daardie onsigbare emosies van bitterheid en onverwerkte konflik, bedreig alles in jou intieme kring.

Om onkruid se blare bo die grond af te pluk keer nie die wortels om onder die grond te bly groei en skade doen nie.

**Hebreërs 12:15**

Sorg dat niemand van die genade van God afvallig word nie. Sorg dat daar nie verbittering soos 'n wortel uitspruit, moeilikheid veroorsaak en baie besmet nie.

Bitterheid, verborge verwyt, is nie net 'n privaat sonde nie; dit is iets wat "opskiet" en "baie besmet". Daar nie iets soos geïsoleerde konflik nie. Bitterheid tussen enige twee in die binnekring, man en vrou, ouers en kinders, boeties en sussies, vriende, besmet almal naby aan ons. Soos 'n gif wat in die grondwater van jou intieme kring beland; dit maak alles dood wat daar probeer groei.

Om konflik te "hanteer" deur dit net te ignoreer of die vrede te bewaar is om gesprek, genesing, vergifnis en soms konfrontasie, te vermy terwyl die wortel van bitterheid dieper groei.

Waar ons naby mekaar leef, gaan ons mekaar seermaak, teleurstel, verwaarloos. Konflik is onvermydelik, maar om bitterheid toe te laat, of nie, is 'n keuse.

Natuurlik is daar dinge wat 'n mens met die vrygewigheid en selfloosheid van geheime genade net kan laat vaar en verswyg. Maar dikwels staan ons voor die keuse om dinge wat regtig 'n bedreiging vir die liefde is te laat lê tot dit 'n wortel word. Jesus is baie ernstig, die pad na gebed, aanbidding toe, en die pad van ontmoeting af, hang af van of ek bereid is om die harde werk van gesprek en versoening te doen.

Is daar iemand in my intieme sone met wie ek nie meer praat nie, of in elke geval nie meer wil praat nie?

Is daar iemand vir wie ek die koue skouer gee?

Is daar 'n gesprek wat ek uitstel?

Is daar 'n apologie waarvan ek wegskram?

**Efesiërs 4:26**

26As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie. 27Moenie die duiwel vatkans gee nie.

**"Checklist" Item 3: Die Tafel-toets (Moeite en Teenwoordigheid)**

Die derde item op hierdie checklist vir die binnemense is die Tafel-toets: Die praktiese ritme van jou lewe ... verskyn die mense wat jy as naby aan jou beskou, werklik op jou kalender. Want liefde wat nie in jou en week- en maand- en jaarbeplanning reflekteer nie, is bloot 'n teorie.

Is daar mense in my binnekring wat ek tans verwaarloos? Ons raak soms so gewoond aan ons mense dat hulle 'n vanselfsprekendheid word.

Is daar mense met wie ek dalk voorheen meer moeite gedoen het, maar sonder rede, sonder afstand, of omstandighede net opgehou het om die moete te doen vir kuier, vir oproepe, vir saamwees? Is om vriende en geliefdes te nooi vir ete of koffie werklik nog deel van my lewenswaardes, en lewensritme? Is dit 'n prioriteit van my geloof, of is dit 'n onderhandelbare bykomstigheid?

God het hartlikheid, saamwees, saam eet en lag en huil, nie as 'n bysaak geskep nie, maar as 'n onmisbare deel van menswees.

'n Paar eenvoudige refleksies vir ons *checklist* ...

Vir getroudes. Wat doen ons om die vreugde van mekaar se liefde te behou?

**Spreuke 5:18**

Mag jou fontein geseënd wees, verbly jou oor die vrou van jou jeug.

God se begeerte dat ons doelbewus vreugde sal vind in mekaar vra denke, besluite, moeite, onderhoud.

**'n Dapper eerlikheid om die nodige vrae te vra, nie net in my eie binneste nie, maar saam:**

- Hoe gaan dit regtig?
- Glo ons nog in die avontuur, die teerheid, die sagte glimlag van die liefde?
- Hoe kan ons weer wakkermaak wat begin sluimer het?
- Wat is die moeite wat die liefde van ons vra?
- Wat het die pad na mekaar begin versper?

So ook met ons kinders, God se geskenke aan ons ...

**Psalm 127:3**

Seuns is geskenke van die Here, kinders is 'n gawe wat van Hom af kom.

**Psalm 128:3**

Jou vrou is soos ’n vrugbare wingerdstok in jou huis, jou kinders is soos jong olyfboompies rondom jou tafel.

Rondom jou tafel ... Saamwees. Saam eet. Kuier. Blote teenwoordigheid is dit wat dieper konneksie moontlik maak. En as jou ouers bejaard is ruil die rolle dikwels om, jy dek die tafel ... en julle, broers en susters vir mekaar. Dis ’n verlies om die olyfboombies wat saam met jou klein was te verloor.

En vriendskappe, daardie "broers en susters" buite ons biologiese familie.

**Spreuke 17:17**

Op ’n vriend se liefde kan ’n mens altyd reken; ’n broer is daar met die oog op tye van nood.

**Prediker 4:9-10**

Twee vaar beter as een. Hulle werk lewer meer op. As die een val, kan die ander hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help nie.

Miskien vra die Tafel-toets vandag van jou om meer moeite te doen. Dalk moet jy ophou om te wag om genooi te word, of selfs ophou om daarvan weg te skram, dit uit jou kokon te waag. Selfs om die inisiatief te neem en iemand te nooi. Om weer leer om te speel, om saam te lag, om tyd te *mors* op die mense wat vir jou saak maak.

**Spreuke 15:15**

Vir die bedroefde is elke dag ’n bose dag, maar vir die vrolike hart is die lewe ’n voortdurende fees.

Ja, ons leef in ’n stukkende wêreld, maar binne in die stryd is ook die fees.

Kom ons sluit af ...

Dawid, nadat hy toegelaat het dat bose, donker wellustige begeertes hom oorneem, owerspel, moord, nadat hy ’n man wreed laat vermoor het, gaan aan, asof sy lewe nog op koers is. En dan kom die profeet Natan en konfronteer hom. Dawid is ’n magtige koning. Dit sou maklik met die kultuur van die tyd geklop het as hy hierdie profeet wat hom teengaan laat teregstel. Maar Dawid kry berou, kom tot insig. In sy belydenis, in dieselfde psalm waarmee ons begin het, vra hy iets wat my altyd aangryp ...

**Psalm 51:8-10**

8Kyk, U het ’n welgevalle aan waarheid in die binneste, en in die verborgene maak U aan my wysheid bekend.

9Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu.

10Laat my vreugde en blydskap hoor (Restore unto me the joy of thy salvation—KJV)

Ek wonder wat jy vandag na die Here toe wil bring? Waar het die vreugde begin kwyn, of dalk heeltemaal opgehou? En as jy na Hom toe kom en vra dat Hy jou sal help om verlore vreugde terug te vind, wat dink jy sê Hy vir jóú? Wat vra Hy van jou om te doen? ’n Eenvoudige eerste tree kan lei na die mooiste nuwe paaie.

Jy het seker al die staaltjie gehoor van die twee boeties, kom ons sê maar Bennie en Hennie, wat baklei, en die mammie wat hulle wil help om vrede te maak en weer saam te speel: “Bennie, sê jy is jammer, en wees dan ook soos Jesus en vergewe jou boeite en sê vir hom jy wil weer met Hom speel, jy is nie meer kwaad vir Hom nie.” En Bennie sê, “Maar wat van Hennie? As hy eerste soos Jesus is, dan sal ek ook soos Jesus wees.”

Jesus was eerste soos Jesus. Hy het die eerste tree gegee. En Hy wil ons help om soos Hy te wees. Jou pad na nuwe vreugde begin nooit met iemand anders se eerste tree nie.

Dis hoekom ons die brood van die nagmaal eet en die wyn van vergifnis kan drink. Omdat daar ’n eerste tree was. En Hy wat die eerste tree gee, gee my sy genade om dit ook te doen, en ’n nuwe vreugde in die klein kringetjie van my eie hart en my eie mense te ontvang.